

**Maandag 23 April**

**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 1:9-10**

**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 1:9-10**

## Glo sodat jy kan deelneem aan die verheerliking wat kom

Ons sien somer baie uit na 'n groot geleentheid. As mense iets besonders gedoen het en nou daarvoor waardeer word. So word sporthelde lof toegesing en kry ons kinders op skool erkenning vir hulle prestasies. Jy kan ook daar wees. Jy kan saam hande klap en bly wees.

Die wederkoms gaan ook 'n tyd van verheerliking wees. 'n Tyd wanneer die Here ge-prys en groot gemaak gaan word. 'n Tyd wanneer Hy besonder gewaardeer word en op 'n besondere manier erkenning gaan kry vir al die wonderlike dinge wat Hy gedoen het. 'n Tyd wanneer Hy bewonder gaan word omdat Hy soveel majesteit en magtige heerlijkheid besit.

Almal wat deur Christus geheilig is en glo, sal in sy teenwoordigheid Hom verheerlik. By die Here. Dié wat nie glo nie, hulle wat deelneem aan die verdrukking van God se kinders, sal egter uit sy teenwoordigheid verwyder word. Hulle sal nie meer onder die algemene genade van die Here kan leef en voortbestaan nie. Hulle sal heeltemal deur die Here verlaat word. Hulle sal met die ewige verdoemenis gestraf word.

Almal wat egter die Woord glo, sal by daardie geleentheid die grootste doel kan bereik. Dit is nie om te verseker dat ons God se erfenis in besit neem nie. Dit gaan in die eerste plek oor die Here. Ons sal aan Hom die heerlijkheid kan gee wat Hom toekom.

Sien jy uit na daardie dag?  
*Sing: Skrifberyming 18-1:4, 5*

*Ds. HG (Garrie) Schutte (Suidkus)*